**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRHL** | | |
| **QUESTION PAPER** | 1 | 2x | 3 |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2½ hours** | | |
| **PROVINCE** | **Eastern Cape** | | |
| **NAME OF THE INTERNAL MODERATOR** | **Jeanette Schoeman** | | |
| **NAME OF THE CHIEF MARKER** | **Hannetjie Young** | | |
| **DATES OF MARKING** | **30 Nov - 12 December 2025** | | |
| **HEAD OF EXAMINATION:** | **Mr. E.M Mabona** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Kandidate moet asseblief geleer word om elke vraag op 'n NUWE bladsy te begin, met die vraagnommer bo-aan.

Die kandidate se handskrif raak 'n al hoe groter struikelblok aangesien die antwoorde dikwels nie gelees kan word nie . Indien die merkers sukkel om die handskrif te lees, interpreteer hulle die antwoorde volgens wat hulle dink daar staan. Sodoende verloor die kandidaat onnodige punte.

Dit is verblydend om te sien dat daar minder verkeerde keuses van vrae as in die verlede deur die kandidate gemaak is. Bitter min kandidate het twee literêre opstelle of twee kontekstuele vrae beantwoord.

Dit is egter baie tydrowend indien die kandidate nie hulle vrae op die antwoordblad nommer nie. Nommering moet asseblief volgens die orde van die vrae op die buiteblad ingevul word.

Die beantwoord van stapelvrae (3 of 4 punte) het verbeter, maar kandidate moet asseblief aandag gee om elke vraag op 'n NUWE bladsy te begin. Kandidate moet asseblief ook 'n lyn oop tussen die verskillende dele van die antwoord oop laat.

Moedig kandidate aan om die werkwoorde en voegwoorde in elke vraag te GLIM/ ONDERSTREEP. Op so 'n manier sal hulle dadelik sien wat verwag word EN of daar meer as een antwoord gegee moet word. Indien hulle nie die eerste deel van die stapelvraag ken

nie moet hulle geleer word om 'n spasie oop te laat en dan met die volgende deel van die stapelvraag aangaan. Sodoende word daar verhoed dat hulle onnodig punte verloor.

Kandidate wat nie die nodige onderrig gehad het óf nie geleer het nie, verval in elle lange opstelle van 3 tot 5 bladsye lank. Dit is nie die lengte van 'n opstel wat dit 'n goeie of slegte poging maak nie, maar wel die inhoud. Swak struktuur is ook die jaar meer opvallend. Kandidate verdeel nie hul opstelvrae in 'n inleiding, paragrawe en slot nie. Dit het tot gevolg dat kandidate by taal en struktuur gepenaliseer word.

By die Roman en Drama is kandidate onseker oor die korrekte inhoud en dit veroorsaak dat iets soos "Map het opdrag gegee dat sy ma en sussie verkrag moet word", as 'n feitefout gesien word. Map het wel toestemming gegee.

Onthou Mind the Gap vir Gedigte en Onderwêreld, Verse in my inboks, Onderwêreld roman, Krismis vir Map Jacobs en Mis-dramas is die enigste voorgeskrewe tekste vir Gr.12 Letterkunde. Blokboeke is slegs 'n aanvullende hulpmiddel. Die kandidate moet steeds die roman en drama se inhoud goeed bemeester. Dit sal goeie uitslae verseker.

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

**QUESTION 1- 27 April 1994**

**General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

Vraag 1 is vanjaar beter beantwoord en kandidate wat die vraag aangepak het, het baie goed gevaar. Leerkragte word aangeraai om die literêre opstel sterk by kandidate aan te beveel. Swakker kandidate het gesukkel om retoriese middels en halfrym aan te dui. Leerkragte word aangemoedig om klem op die verskillende verstegniese middels te lê.

Met die beantwoording van die opstelvraag, kan leerkragte dalk van die volgende metode gebruik maak:

PUNT (maak jou stelling), ILLUSTRASIE (gee 'n voorbeeld uit die roman of drama), VERDUIDELIKING (brei uit op die voorbeeld) en die belangrikste deel is die SKAKEL (skakel die punt met die opening stelling in die inleidingsparagraaf). Sonder die SKAKEL-deel kan die leerder nie 'n "gemotiveerde feit" skryf nie.

GEEN retoriese vrae in 'n letterkundige opstel nie. Al hoe meer kandidate gebruik dit in hulle inleidingsparagrawe. Dit verander die toon heeltemal en die opstel is dan 'n bespiegelende of beredenerende opstel en glad nie 'n literêre opstel nie.

‘n Goeie wenk vir die onderrig van die openingsparagraaf kan dalk as volg wees:
Die inleidingsparagraaf moet al die aspekte wat gevra word, aanspreek. Sodoende kan die kandidaat die vraag volledig bespreek.

Die opstel word ook in die derdepersoon geskryf, dus is die gebruik van “ons” of “jy” onvanpas. Die literêre opstel moet gesien word as ‘n wetenskaplike ontleding van ‘n hipotese of stelling. Moet onder geen omstandighede van kolpunte of opskrifte gebruik maak, om argumente of nuwe paragraaf aan te dui nie.

Die slot is moet weereens by die inleidingsparagraaf aansluit. Kandidate moet hulle daarvan weerhou om te begin of af te sluit met: “Ek gaan die volgende aspekte bespreek”. Die slotparagraaf moet die literêre vraag saamvat.

**QUESTION 2- Briefie aan Madiba**

**Why was the question poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

Baie kandidate het hierdie vraag beantwoord.

2.1

Kandidate sal net die rympatroon neerskryf en dit nie benoem nie.

Rymsoort/Eindrym = bv. Paarrym

Rymskema/rympatroon = aabb

Die derde deel van die stapelvraag het veroorsaak dat kandidate verdere punte verloor het. Verskeie kandidate het van die liriese aard in hul antwoorde genoem, maar die antwoord het verwag dat kandidate die effektiwiteit van paarrym sal bewys. Hoekom word daar na die rymsoort verwys? Die twee reëls dui op twee mense./sluit aan by die “my” en “jou”.

2.4

Kandidate ken nog steeds nie die verskil tussen beeldspraak en ‘n stylfiguur nie. Indien kandidate wel weet wat beeldspraak (metafoor, vergelyking - word die meeste na verwys) is, sal die leerder nie metafoor as antwoord gee indien ‘n stylfiguur gevra word nie.

2.5

| |
|---|
| Kandidate het gesukkel om by die effektiwiteit uit te kom. Hier word dus funksiewoorde of doenwoorde gesoek, soos bv. versterk en vorm. Sonder die gebruik van hierdie woorde, het die kandidate nie by die regte antwoord uitgekom nie. |

| **QUESTION 3 – 'n Paternoster vir Suid-Afrika** |
|---|
| **Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.** |
| Kandidate het die swakste in hierdie vraag gedoen.<br><br>3.1<br>Kandidate het nie die woord "inklusief" verstaan nie en het kon dus nie die vraag beantwoord nie.<br><br>3.2<br>Kandidate kon soms die eerste deel van die vraag beantwoord, maar baie het die tweede deel net uitgelaat en nie eers probeer beantwoord nie.<br><br>3.3<br>Die woorde "enersyds" (aan die een kant) en "andersyds" (aan die ander kant) moet in die klas onderrig word. Kandidate sukkel nog om dit te verstaan. Maak dit deel van u vraagstelling in die eksamenvraestelle. Kandidate het ook die oorkoepelende konsep dat die spreker in versreël 7 tot 19, apart staan van die toneel en angstig toekyk en dan in versreël 26 -28 sien die spreker haar as deel van die toneel, nie verstaan nie.<br><br>3.4<br>Progressie is nog 'n konsep waarmee die kandidate sukkel met hierdie woord en kon dus nie die vraag beantwoord nie. Maak die begrip ook deel van u vraestel.<br><br>3.6<br>Hierdie vraag het die kandidate maklik gevind en het oor die algemeen goeie punte behaal. |

| **QUESTION 4 – Suiwer wiskunde** |
|---|
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Kandidate het in hierdie gedig baie goed gedoen en baie kandidate het ook gekies om dit te beantwoord.<br><br>4.1<br>Die vraag was problematies, omrede die kandidate gedink het dat die eerste gedeelte van hul antwoord die antwoord van die vraag, "wat sou gebeur as tyd stilstaan?" beantwoord. Dit was slegs deel van die vraagstelling en dus het baie kandidate hiermee gesukkel. 'n WOORD en TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE, het nog sommige kandidate verwar. Deur die uitwerk van ou vraestelle sal kandidate meer blootstelling kry aan hierdie tipe vraagstelling.<br><br>4.2<br>Hier is weer 'n "funksiewoord" gesoek. Dus het baie kandidate nie evalueer nie, slegs die stelling herskryf en sodoende geen punte gekry nie.<br><br>4.3<br>Sommige kandidate het gedink dat "saadskiet" beteken om dood te skiet. Ook het die woord "onderskeidelik" sommige kandidate gepootjie en dan het hulle een woord gegee vir lewe en dood. Die gebrek aan woordeskat word elke jaar al hoe meer 'n probleem.<br><br>4.4<br>Die derde deel van hierdie vraag het indirek vir funksiewoorde gevra.<br>"Gepas" vra dat die leerder 'n werkwoord iewers in sy antwoord sal gebruik om 'n punt te verdien.<br><br>4.5<br>Wanneer "ooreenkoms" gevra word, is dit belangrik dat kandidate sal onthou dat daar na altwee kante van die saak in hul antwoord verwys moet word. Baie kandidate het hier punte verloor omdat hulle net na óf die by óf die brander verwys het. Onderrig die kandidate om die woord BEIDE te gebruik dan verwys hulle moes na altwee.<br><br>4.6<br>Omtrent al die kandidate wat hierdie vraag geantwoord het, het hierdie vraag verkeerd gekry. Wanneer die leerkragte kandidate leer van 'n sikliese |

| |
|---|
| slot, is dit belangrik om die slotreël en die eerste versreël met mekaar in verband te bring. |

| **QUESTION 5 – Ongesiene Gedig: Ek is my ma se kind** |
|---|
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Baie kandidate kon by die gedig aanklank vind.<br><br>5.1 Dit is belangrik om die volgende terme in die klaskamer te onderrig, progressie, letterlik en figuurlik. Kandidate het nog steeds gesukkel om die antwoord reg te verwoord.<br><br>5.2<br>Die eerste deel van vraag benodig weer 'n funksiewoord. Kandidate het gesukkel om by beklemtoning uit te kom. Die tweede deel van die vraag was 'n makliker vraag, maar baie kandidate het nie daar 'n punt verwerf nie, omrede hulle nie die versreël uitgeskryf het nie, maar net 'n reëlverwysing as antwoord gegee het. Reëlverwysings verdien geen punte nie.<br><br>5.4<br>Kandidate weet nie wat Beeldspraak is nie en verwys soms na enige stylfiguur.<br>Die tweede deel van die vraag, vereis 'n JA of 'n NEE, met die motivering daarna. Die JA of die NEE verdien geen punte nie, slegs die motivering.<br><br>5.5<br>Leerkragte moet asseblief die kandidate in die begrip RETORIESE MIDDELS onderrig. Dit is alles wat herhaal en die retoriese vraag. Voorplasing is nie deel daarvan nie. |

| **QUESTION 6 – Onderwêreld Langvraag** |
|---|
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Hierdie langvraag het die kandidate heeltemal gepootjie. Nie net moes hulle innerlike en uiterlike konflik uitwys, verduidelik en bewys nie, maar moes dit onderskeidelik koppel aan die geloofwaardigheid en die vasgevangenheid van die hoofkarakter koppel.<br><br>Kandidate moet teen onsamehangende opstelle sonder om die vraag te beantwoord waak. Waarsku kandidate steeds teen storievertelling en beantwoord slegs die vraag.<br>Daar is nog steeds sentrums wat vir die kandidate vooraf uitgewerkte langvrae laat leer en |

die kandidate skryf dit neer of die vraag aangespreek word al dan nie.
Met die beantwoording van die opstelvraag, kan leerkragte dalk van die volgende metode gebruik maak:
PUNT (maak jou stelling), ILLUSTRASIE (gee 'n voorbeeld uit die roman of drama), VERDUIDELIKING (brei uit op die voorbeeld) en die belangrikste deel is die SKAKEL (skakel die punt met die opening stelling in die inleidingsparagraaf). Sonder die SKAKEL-deel kan die leerder nie 'n "gemotiveerde feit" skryf nie.
GEEN retoriese vrae in 'n letterkundige opstel nie. Al hoe meer kandidate gebruik dit in hulle inleidende paragrawe. Dit verander die toon heeltemal en die opstel is dan glad nie 'n literêre opstel nie.
Kandidate moet eerder geleer word om die vraag in die vraestel te omskryf in 'n inleidende stelling.

'n Goeie wenk vir die onderrig van die inleidingsparagraaf:
Jou inleidende paragraaf is soos om die tafel te dek vir ete. Alles moet reg wees. Net so is dit met die inleidingsparagraaf. Die inleidende paragraaf moet al Die opstel word ook in die derde persoon geskryf, dus is die gebruik van "ons" of "jy" is onvanpas. Die literêre opstel moet gesien word as 'n wetenskaplike ontleding van 'n hipotese of stelling.
Moet onder geen omstandighede van kolpunte of opskrifte gebruik maak, om verskillendeargumente of 'n nuwe paragraaf aan te dui nie.
Die slot moet weereens by die inleidingsparagraaf aansluit.
Kandidate het nie die roman onder die knie nie. Dit maak dat hulle in die opstel punte vanweë feitefoute verloor.
Greg het in die eerste rugbyspan gespeel, maar hy was nie die spankaptein nie.
Mnr. Owen se naam word nie genoem in die roman Onderwêreld nie. Eers in die opvolgroman leer die leser sy naam ken. Dus is dit 'n feitefout indien die leerder sy naam noem.

Mnr. Owen het nie sy seun, John, vermoor nie. Die feit dat hy die pille in die huis gehad het (van sy maatskappy) het dit makliker gemaak vir John om selfmoord te pleeg.
In hierdie roman word daar nooit gesê dat Dok Pienaar vir die regter dood gemaak het nie. Die regter het weggeraak en Eckardt het sonder 'n pa grootgeword.
Die hele voëlgriep en inentings maak die kandidate deurmekaar. Die Backer (wie se naam ons nooit leer ken nie) het na die uitbreek van voëlgriepvirus (H5N1), 'n nuwe virus gekweek wat aanvanklik net soos die voëlgriepvirus sal lyk. Mense sal behandel word met middele wat vir die voëlgriepvirus bedoel is, maar dit sal nie werk nie. Teen die tyd dat die mediese wêreld dit besef, het die virus alreeds gemuteer na 'n hemorargiese virus.

| **QUESTION 7 – Onderwêreld: Kontekstuele vraag** |
|---|
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| 7.1<br>Die eerste vier vrae het die meeste kandidate swak beantwoord. Kandidate moet met 'n glimpen of 'n ander kleur pen, die voegwoorde soos EN en waar nuwe sinne begin, duidelik aandui. Op so 'n manier sal hulle duidelik sien wat ook nog gevra word.<br><br>7.2<br>Kandidate verstaan nie die verskil tussen letterlik en figuurlik nie en het dus gesukkel om hierdie vraag te beantwoord. Ook het hulle nie geweet hoe om mnr. Owen en Greg met Zeus te vergelyk nie.<br><br>7.3<br>Kandidate het nie die roman goed genoeg geken om te weet waarna die eerste deel van die vraag verwys het nie. Min kandidate kon die eerste deel van hierdie vraag reg beantwoord.<br><br>7.4<br>Leerkragte moet asseblief terminologie soos selfkarakteriserend en geloofwaardig vir die kandidate in die klas onderrig. Kandidate het ook kleigetrap met wie die gesagsfigure in Greg se lewe is.<br><br>7.5<br>Twee verskillende antwoorde is by hierdie vraag verwag. Indien die kandidate die roman ken, sal hulle weet dat Greg se ma en pa twee verskillende maniere en agendas het hoe hulle met Greg in omgaan.<br><br>7.6<br>Ironie bly nog steeds 'n tameletjie. Dit sal help indien kandidate gebruik maak van die woorde, "daar word verwag dat........., maar in die werklikheid.<br><br>7.7.1<br>Kandidate moet waak teen generiese antwoorde en let op konteks of die agtergrond van die uittreksel. Wees spesifiek en noem sy oortredings. |

7.7.2
Kandidate moet onthou om 'n JA of NEE by hul antwoord te sit en dan 'n volledige motivering. Slegs die motivering verdien 'n punt.

7.8
Hier is dit belangrik om die storielyn te ken en nie te antwoord uit Greg se perspektief nie.

7.9
Die vraag handel oor Greg se ma se woorde, nié haar reaksie nie. Kandidate sukkel om te onderskei  en skryf net die emosie neer. Onthou ook om die verskil tussen die twee voorvalle uit te lig. 'n Verskil verdien slegs EEN punt.

7.10
Omdat daar so baie verskillende onderwêrelde in die roman voorkom, moes die leerder hier spesifiek na die onderwêreld van kuberkraak verwys het. Leerkragte kan ook meer klem op die verband of verskil tussen twee uittreksels lê. Dit kan 'n goeie besprekingspunt in die klas wees.

**QUESTION 14 KRISMIS VAN MAP JACOBS – LANGVRAAG**

**Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

Dit is van kardinale belang dat die kandidate die dramatiese struktuur van die drama moet ken.

Die kandidate moes die tema van ontvlugting uit 'n negatiewe werklikheid vir Map en Blanchie onderskeidelik bespreek.
Talle kandidate het egter terug verval in storievertelling.
Dit was ook duidelik dat verskeie sentrums 'n vooraf uitgewerkte langvraag vir die kandidate gegee het om te leer. Ongelukkig het dit niks met die vraag te doen gehad nie en kandidate het swak presteer in 'n langvraag wat eintlik maklik was om te beantwoord.
Met die beantwoording van die opstelvraag, kan leerkragte van die  PIVS- metode gebruik maak:

> PUNT (maak jou stelling), ILLUSTRASIE (gee 'n voorbeeld uit die roman of drama), VERDUIDELIKING (brei uit op die voorbeeld) en die belangrikste deel is die SKAKEL (skakel die punt met die opening stelling in die openingsparagraaf). Sonder die SKAKEL-deel kan die leerder nie 'n "gemotiveerde feit" skryf nie.

| |
|---|
| GEEN retoriese vrae in 'n letterkundige opstel nie. Al hoe meer kandidate gebruik dit in hulle openingsparagrawe.<br>Kandidate moet eerder gehelp word om die vraag in die vraestel in 'n inleidende stelling om te skakel.<br>Net so is dit met die openingsparagraaf. Die openingsparagraaf moet al die aspekte wat gevra word aanspreek.<br>Die opstel word ook in die derdepersoon geskryf, dus is die gebruik van "ons" of "jy" onvanpas. Die literêre opstel moet gesien word as 'n wetenskaplike ontleding van 'n hipotese of 'n stelling.<br>Moet onder geen omstandighede van kolpunte of opskrifte gebruik maak, om verskillende argumente óf 'n nuwe paragraaf aan te dui nie.<br>Die slot is moet weereens aansluit by die inleidende paragraaf. Vir die slotparagraaf moet die inleidende paragraaf letterlik net weer omskryf word.<br>Kandidate moet ook die verskillende karakters en gebeure goed ken. Daar is 'n paar feitefoute wat gereeld inglip, soos bv. Blanchie se pa het haar nie gedwing om prostitusie te beoefen nie. |

| **QUESTION 15 – KRISMIS VAN MAP JACOBS: KONTEKSTUELE VRAAG** |
|---|
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Dit is belangrik vir kandidate om die stapelvrae in dieselfde volgorde te beantwoord net soos dit gevra word.<br><br>15.2<br>Kandidate verstaan nie die woord "wanpresepsie" nie. Dit moet onderrig in die klaskamer onderrig word.<br><br>15. 4<br>Kandidate weet nie wat die DRAMATIESE DOEL van die retoriese vrae in hierdie gedeelte is nie. Dramatiese doelstelling is om 'n spesifieke reaksie by die toeskouer, of spesifiek hier Cavernelis, uit te lok. Die tweede deel van die vraag het ook die kandidate laat struikel. Die eksaminator wou net weet op watter manier in die dialoog word die toename van emosie benadruk.<br><br>15.5<br>Dit is van kardinale belang dat kandidate moet weet wat die MOTORIESE MOMENT (die gebeurtenis wat die handeling aan die gang sit) in 'n drama is. |

In die geval van Krismis van Map Jacobs, is dit wanneer Cyril wonder wat Map gaan doen wanneer hy uit die tronk kom. Dit is waar die spanning begin om te bou. Vir die tweede deel van die vraag is dit belangrik om die antwoord met 'n JA of NEE te begin.

15.6.2
Kandidate moet hulle antwoord begin met GESLAAGD of NIE GESLAAGD nie. Dit is belangrik ook om te onthou dat Johnnie die onskuldige seun verteenwoordig of die man voor hy by bendes betrokke geraak het. Map is sy naam wat hy gekry het as gevolg van al die tatoeëermerke wat hy gekry het terwyl hy in die bendes (nie net in die tronk) was.

15.7
Die kandidate moet onthou indien daar gevra word om "jou mening" of "wat dink jy", is dit baie belangrik om jou antwoord te begin met "Ja, ek stem saam" of "Nee, ek stem nie saam nie" en dan dit te motiveer.

15.10
"Enersyds" en "andersyds" moet in die klas onderrig word.

15.11
Pasop vir generiese antwoorde. Wees spesifiek in die antwoord.

15.12
Kandidate het gesukkel met "onderskeidelik" en "stemming". Beide die wind en die trein se stemming word in die drama behandel. Die verwysing na die tou is nié 'n vooruitwysing na Cavernelis se selfdood nié. Dit is eerder 'n simbool van die mense wat in die Kaapse Vlaktes vasgevang is.

| QUESTION 16- MIS LANGVRAAG |
|---|
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| Dit is van kardinale belang dat die kandidate die dramatiese struktuur van die drama moet ken.<br>Die kandidate moes die tema van ontvlugting uit 'n negatiewe werklikheid vir Miem en Meisie onderskeidelik bespreek.<br>Talle kandidate het egter verval in storievertelling verval.<br>Dit was ook duidelik dat verskeie sentrums 'n vooraf uitgewerkte langvraag vir die kandidate gegee het om te leer. Ongelukkig het dit niks met die vraag te doen gehad nie en kandidate het swak gepresteer.<br>Met die beantwoording van die opstelvraag, kan leerkragte eerder van die PIVS- metode gebruik maak:<br>PUNT (maak jou stelling), ILLUSTRASIE (gee 'n voorbeeld uit die roman of drama), VERDUIDELIKING (brei uit op die voorbeeld) en die belangrikste deel is die SKAKEL (skakel die punt met die opening stelling in die openingsparagraaf). Sonder die SKAKEL-deel kan die leerder nie 'n "gemotiveerde feit" skryf nie.<br>GEEN retoriese vrae in 'n letterkundige opstel nie. Al hoe meer kandidate gebruik dit in die inleidingsparagraaf.<br>Kandidate moet eerder gehelp word om die vraag in die vraestel in die inleidingsparagraaf te omskryf. Dit sal veral vir die swakker kandidate van hulp wees.<br>Die opstel word ook in die derdepersoon geskryf, dus is die gebruik van "ons" of "jy" is onvanpas. Die literêre opstel moet gesien word as 'n wetenskaplike ontleding van 'n hipotese of stelling.<br>Moet onder geen omstandighede van kolpunte of opskrifte gebruik maak, om verskillende argumente of 'n nuwe paragraaf aan te dui nie.<br>Die slot is moet weereens aansluit by die inleidende paragraaf. Vir die slotparagraaf moet die openingsparagraaf letterlik net weer omskryf word. |

| QUESTION 17- MIS: KONTEKSTUELE VRAAG |
|---|
| **Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| 17.2<br>Dit wil voorkom dat die kandidate nie rêrig weet wat die begrip NEWETEKS beteken nie en dus verwys hulle net in die algemeen na die reëls. Die woord GESLAAGD het ook probleme veroorsaak en kandidate het gesukkel om funksiewoorde te gebruik.<br><br>17.3.1<br>Kandidate moet onthou om altyd die hele datum, 31 Augustus 1936, neer te skryf.<br><br>17.3.2<br>Kandidate verstaan nie die woord WANPERSEPSIE nie en weet nie wanneer die MOTORIESE MOMENT in die drama is nie. Dit is van kardinale belang dat leerkragte die DRAMATIESE STRUKTUUR en hoe dit van toepassing op MIS is, onderrig.<br><br>17.4<br>GESLAAGDHEID het probleme veroorsaak vir van die kandidate en baie het ook nie uitgekom by hoe Konstabel wat vir Meisie met die gebruik van haar regte naam gemanipuleer het nie.<br><br>17.5<br>Kandidate ken nie die DRAMATIESE STRUKTUUR nie. Die vraag was eintlik maklik indien die kandidate die terminologie geken het. GESLAAGD of NIE GESLAAGD, moet egter die antwoord voorafgaan.<br><br>17.7<br>Die vraag verwag van die kandidate om te verwys na Meisie se woorde in reël 21. Indien die kandidate dit nie gedoen het nie, kon hulle nie punte verdien nie. ENERSYDS en ANDERSYDS moet ook in die klas onderrig word, kandidate sukkel nog steeds met hierdie begrippe. In die laaste deel van die vraag, moes die leerder terug verwys na die slot van die drama. Die kandidate het egter net in die algemeen en nie spesifiek daarna verwys nie.<br><br>17.8<br>Dit is belangrik dat terminologie soos DRAMATIESE DOEL in die klas onderrig word. Weer eens is die leerder se kennis oor NEWETEKS ook hier getoets en baie kandidate het geen punte hier |

verdien nie. Kandidate het ook net EEN en nie TWEE feite gegee nie.

17.9.1

Ironie bly nog steeds ‘n tameletjie. Dit sal help indien kandidate gebruik maak van die woorde, “daar word verwag dat........., maar in die werklikheid.

17.9.2

Dit is belangrik om te onthou dat INNERLIKE KONFLIK twee kante het. Waak ook teen generiese of algemene antwoorde.

17.10

Hierdie tipe vraag word altyd gevra en leerkragte moet dit ook in die klas onderrig. Kandidate moet die verskil of verandering kan uitken. Hier het kandidate egter gesukkel met die TOON en het ook nie terugverwys na die teks nie. Dit is ook baie belangrik om die vraag te beantwoord in dieselfde volgorde wat dit gevra is.